**9 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:113-128 (OAV)**
**NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS, ART. 20**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:124**

## God se genadige en getroue liefde is Christus

Die begrippe *vyande, wet* en *lofprysing* word dwarsdeur Psalm 119 ineengeweef, ook in vers 113 tot 128. Vyande soos twyfelaars, kwaaddoeners, afgedwaaldes, bedrieërs, leuenaars en vermeteles deurkruis die pad van die psalmdigter. Waar kan hy ‘n skuilplek kry teen hierdie bedreiging? By die Here se wet (vs. 113), woord (vs. 114), gebooie (vs. 115), beloftes (vs. 116), insettinge (vs. 117-118), getuienisse (vs. 119) en oordele (vs. 120). Dáár kan hy homself toets teenoor sy vyande – die Here se Woord sê alles oor die strydpunte. Daarom het hy dit lief, bewaar hy dit, vertrou, hoop en let hy daarop, vrees hy dit met ontsag. Daaruit weet hy dat God vir hom sal borg staan en ten goede sal intree. Sy oë is gerig op God se beloftes.

Wat my verhouding met die Here betref, is ék die vyand, die twyfelaar, kwaaddoener, afgedwaalde, bedrieër en leuenaar. Die digter bid: “Handel met u kneg na u goedertierenheid, en leer my u insettinge.” Die woord *goedertierenheid* (OAV) word met “troue liefde”, “barmhartigheid”, “goedgunstigheid”, “bystand” en “beskerming” omskryf. Wanneer God teen alle verwagtinge in tog red, kom hierdie woord in betekenis nader aan die woord “genade”.

Ten opsigte van my ewige lewe het God goedertierend ingetree – in Christus! God het Hom deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee. God het Hom, vir ons verlossing, uit die dood opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.

So wil ek dan bid: Leer my nou u voorskrifte uit U Woord ken sodat ek nougeset daaruit sal kan lewe. Só wil ek u dank vir U goedertierenheid en U troue liefde! Amen!

*Sing: Psalm 119:43, 45 (1936-beryming)*

*Ds Arrie Stavast (Hennenman/Ventersburg/Senekal)*